## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 JULIE 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

## TEENWOORDIG

## LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**RVN001/07/2018**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Uitvoerende Onderburgemeester open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die SMME's van Porterville, wat hul kursus suksesvol voltooi het.

***

**RVN002/07/2018**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadsheer Swart – verskoning

***

**RVN003/07/2018**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/07/2018**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 JUNIE 2018</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 26 Junie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN005/07/2018**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADS-VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 JUNIE 2018: EERSTE MOSIE: DIENSVERSKAFFER: HERWINNINGSKONTRAK, VELDDRIF</u>**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoer met betrekking tot die verslag oor die besluite van die Raadsvergadering wat gehou is op Dinsdag 26 Junie 2018.

Vrae en kommentaar word gelewer deur Raadsheer Claassen met betrekking tot item RVN011, rakende die diensverskaffer: Herwinningskontrak, Velddrif.

Op versoek van Raadsheer Claassen, onderneem die Munisipale Bestuurder om alle korrespondensie aan alle Raadslede te voorsien.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

Verdere insette word gelewer deur die Munisipale Bestuurder en Raadsheer Claassen rondom die regsopinie wat by SALGA ingewin word om wysigings in toekomstige kontrakte in te skryf, in konsultasie met Nasionale Tesourie.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/07/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN007/07/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LIEF**

- Dat Raadslid Daniels verjaar op Sondag 05 Augustus 2018;
- Dat Raadslid Small verjaar op Maandag 06 Augustus 2018; en
- Dat die gewese Uitvoerende Burgemeester (Rdh. EB Manuel) op Donderdag 16 Augustus 2018 verjaar.

***

**RVN008/07/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: ICLD (SWEEDSE INTERNASIONALE SENTRUM VIR PLAASLIKE DEMOKRASIE): OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE AAN SMME'S IN PORTERVILLE WAT KURSUS SUKSESVOL VOLTOOI HET**
**3/3/1/5**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond met betrekking tot die item, waarna sy die geleentheid bied aan Raadslid Daniels, Raadslid du Plooy en Raadsdame Smit om die sertifikate aan die betrokke SMME's te oorhandig.

Individueel, sowel as groep foto's word geneem van die SMME's met die betrokke Raadslede, waarna die SMME's hul ervaring met die Raad deel rakende die kursus wat hulle bygewoon het.

Die Speaker wens die groep, Munisipale Bestuurder en die Bestuurder: Strategiese Dienste namens die Raad geluk vir hul toegewydheid.

Verdere insette word gelewer deur die Bestuurder: Strategiese Dienste oor die pad vorentoe vir die SMME's in Bergrivier Munisipaliteit.

***

***(Die groep verlaat die vergadering om 14:40)***

**RVA009/07/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/07/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**15/1/5/9**

Geen

***

**RVN011/07/2018**
**REPLACEMENT OF MUNICIPAL ASSETS IN THE YACHT BASIN (PORT OWEN MARINA)**
**3/3/1/5**

The Executive Deputy Mayor gave a detailed background to the item under discussion.

Various comments/inputs were made by the Executive Deputy Mayor, Councillor Claassen and Councillor Smit.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Bergrivier Municipality give an in-principle consent to POMA to continue with planning for the replacement of municipal assets in the form of wooden jetties on Erf no. 923, Laaiplek, the possible re-design of the layout thereof and the possible sub-leasing of these assets to third parties in terms of section 10 of the 2000 agreement;
2. That the final re-design, layout plan and ownership proposals be submitted to Council for approval before implementation; and
3. That the Municipal Manager be mandated to approve the submissions made in 2 above in conjunction with the ward Councillor and Director Technical Services before being considered by Council.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

***(Raadslid Claasen verlaat die vergadering om 14:55)***

**RVN012/07/2018**
**2017/18 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2018 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**5/3/1,15/1/5/5**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April - 30 June 2018) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2018.

***MANAGER STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN013/07/2018**
**RAPPORTERING AAN DIE RAAD IN TERME VAN ITEM 13(1)(c) EN ITEM 13(2) VAN DIE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE SOOS VERVAT IN SKEDULE 1 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELSWET, 2000 (WET 32 VAN 2000)**
**9/1/2**

Die Speaker lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die kwessie in terme van Item 13(1)(c) en van die feit dat Item 13(1)(a) en 13(1)(b) reeds afgehandel is, soos vereis deur Skedule 1 van die Stelselswet; en
2. Dat die saak verwys word na die Spesiale Komitee soos aangestel deur die Raad vir ondersoek en bevinding en daarna met aanbeveling aan die Raad ten opsigte van sanksie.

***

**RVN014/07/2018**
**PROVISION OF BANKING SERVICES 01 JULY 2018 TO 30 JUNE 2023**
**5/1/1**
***(A replacement recommendation was tabled at the meeting – Annexure B)***

The Executive Deputy Mayor gave a brief background to the item under discussion.

Additional comments were made by the Director Financial Services.

Various comments/inputs were made by Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council notes the written comments of Western Cape Provincial Treasury relating to the 5 year contract with Nedbank for the provision of banking services from 01 July 2018 to 30 June 2023;
2. That Council approves the 5 year contract with Nedbank for the provision of banking services from 01 July 2018 to 30 June 2023; and
3. That Council approves that the Municipal Manager sign the related contract with Nedbank for the provision of banking services from 01 July 2018 to 30 June 2023.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN015/07/2018**
**RAMPBESTUUR JAARVERSLAG: 2017/18**
**9/1/1**

Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad van Bergrivier Munisipaliteit kennis neem van die inhoud van die jaarverslag.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**RVN016/07/2018**
**AFGEVAARDIGDE NA WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT**
**3/2/2**

Raadslid Daniels deel die Raad mondelings mee dat Raadslid JC Botha hom vervang as afgevaardigde op die Weskus Distriksmunisipaliteit.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat Raadslid JC Botha as afgevaardigde van Bergrivier Munisipaliteit na die Weskus Distriksmunisipaliteit aangewys word, in die plek van Raadslid Daniels.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN017/07/2018**
**SPESIALE KOMITEE-LEDE HERSIEN**
**9/1/2**

Die Speaker lei die item in, waarna hy die Uitvoerende Burgemeester en Raadsdame Smit die geleentheid bied om die Spesiale Komiteelede te hersien.

Hy meld verder dat die eerste sitting van die Spesiale Komitee sal plaasvind op Dinsdag 14 Augustus 2018.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur Raadsdame Smit en die Munisipale Bestuurder met betrekking tot die aangeleentheid.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat 'n Spesiale Komitee soos bedoel by item 14 van die Gedragskode vir Raadslede (Skedule 1 van die Stelselswet) ingestel word om –
   1.1 ondersoek te doen oor en 'n bevinding te maak oor enige beweerde oortreding van die Gedragskode deur 'n raadslid;
   1.2 om toepaslike aanbevelings aan die raad te maak ten opsigte van 'n gepaste sanksie;
2. Dat die Spesiale Komitee uit 3 (drie) raadslede bestaan, verteenwoordig deur die politieke partye as volg –
   2.1 DA – 2 lede;
   2.2 ANC – 1 lid;
3. Dat alternatiewe lede (secundi) ook aangewys word om in te staan vir lede wat of afwesig mag wees of om regsredes nie aan verrigtinge van die komitee mag deelneem nie;
4. Dat die volgende raadslede as lede en alternatiewe lede van die Spesiale Komitee aangewys word –
   4.1 As verteenwoordigers van die DA:
      i. Rdl. Daniels en as secundus, Rdl. du Plooy;
      ii. Rdl. Wessels en as secundus, Rdd. Crafford;
   4.2 As verteenwoordigers van die ANC:
      i. Rdh. SR Claassen en as secundus, Rdd. Smit;

***MUNISIPALE BESTUURDER***

5. Dat Raadslid J Daniels as Voorsitter van die Spesiale Komitee aangewys word;
6. Dat die kworum vir 'n vergadering van die Spesiale Komitee die meerderheid van die getal lede van die komitee is, naamlik 2; en
7. Dat die Voorsitter van die Spesiale Komitee, 'n onafhanklike regsgeleerde kan ko-opteer vir tegniese regsadvies en fasilitering soos benodig.

***

**RVN018/07/2018**
**<u>VERTEENWOORDIGERS OP BUITELIGGAME</u>**
**3/2/2**
***('n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae C )***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Sy versoek dat die Raadslede alle regstellings/wysigings rakende die Verteenwoordigers op Buiteliggame teen Vrydag 03 Augustus aan haar kantoor sal voorsien.

Verder meld sy dat die SALGA werksgroepe deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie bespreek sal word.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die lys van verteenwoordigers op buiteliggame deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder goedgekeur word.

***

**RVN019/07/2018**
**<u>MINUTES OF THE MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC) MEETING: TUESDAY 10 APRIL 2018</u>**
**12/2/3/68**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That the minutes of the Municipal Public Accounts Committee (MPAC) be noted by Council.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN020/07/2018**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 14 JUNIE 2018</u>**
**3/2/1/3**

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 14 Junie 2018.

***

**RVN021/07/2018**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN022/07/2018**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:30***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***